No. 23 1957 April

# Pretoriana




2 9 APR 1957
Klasno mr 05(68)
Registernommer P 23/'5

Kopiereg voorbehou. Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

1. Redaksioneel/Editorial: Ons Voorsitter aan die Woord. 2. Z.K.H. Prins Bernhard der Nederlanden te Pretoria. 3. Die Universiteit van Pretoria vereer Pierneef. 4 Dr. F. J. du T. Spies: Uit die briewe van Sir Arnold Theiler. 5. Die Skooltuinekompetisie. 6. H. M. Rex: Klaas van Rysse Jr. 7. A. M. Davey: A Perilous Mission. 8. Norman Eaton: The Need to Preserve for posterity the best examples of past creative efforts. 9. H. Preiss: Opmerkings in verband met besoeke aan twee Opelugmuseums. 10. Dr. J. Ploeger: Wysiging van Statute en H. R. van die ,,Ver. van Onderwijzers en Onderwijzeressen i. d. Z.A. Republiek

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# REDAKSIONEEL

# EDITORIAL

## *ONS VOORSITTER AAN DIE WOORD*

HIERMEE verwelkom die „Genootskap Oud-Pretoria" ons nuwe redakteur, mnr. H. M. Rex. Hy is aan almal bekend as 'n ywerige navorser van ons stad se geskiedenis en 'n vaardige skrywer. Sy M.A.-verhandeling handel oor die geskiedenis van die ontstaan van Pretoria en sy ontwikkeling tot regeringsetel van die Suid-Afrikaanse Republiek en in verband daarmee die voorsiening van regeringskantore in Pretoria tot en met die oprigting van die Eerste Ou Goewermentsgebou (1852–1870). Oor die geskiedenis van Pretoria het hy reeds hoogs interessante bydraes gepubliseer en lesings gelewer. Ons is seker dat hy ons blad, „Pretoriana," na die beste van sy vermoë sal redigeer.

Aan dr. T. S. van Rooyen, ons voormalige redakteur, wat onlangs as redakteur van „Pretoriana" bedank het, ons opregte dank vir die uiters waardevolle dienste wat hy aan die „Genootskap Oud-Pretoria" en „Pretoriana" bewys het. Vanaf 1952 was hy verbonde aan die redaksie van ons blad en gedurende hierdie tydperk het „Pretoriana" groot vooruitgang gemaak, 'n hoë joernalistieke peil bereik en veel byval gevind. Veral ons Eeufeesuitgawe (Nrs. 16 & 17, Julie—Sept. 1955), waarvan duisende eksemplare oor die hele S.A. en selfs oorsee versprei is, was 'n mooi prestasie wat van oraloor baie waardering uitgelok het.

Afgesien van die verandering in die redaksie, kondig ons hiermee ook 'n nuwe beleid aan. Die Bestuur van die „Genootskap Oud-Pretoria" het naamlik onlangs besluit dat „Pretoriana" in die vervolg drie keer per jaar sal verskyn i.p.v. vier keer per jaar soos vroeër, en wel in die loop van April, Augustus en Desember. Die totale aantal bladsye vir die drie uitgawes sal egter ongeveer dieselfde bly as vir vier uitgawes van voorheen. Hierdeur sal elke uitgawe van ons blad op 28 of 32 bladsye te staan kom.

Lede word vriendelik dog dringend versoek om bydraes oor enige aangeleentheid van ons Genootskap en die geskiedenis van ons stad en distrik aan die *Redakteur van „Pretoriana," Posbus* 1422, *Pretoria,* te stuur. Veral historiese foto's van persone en gebeurtenisse van Ou-Pretoria sal verwelkom word. Dit sal ook besonder op prys gestel word as u, geagte leser, pogings in die werk sal stel om van vriende en belangstellendes bydraes vir publikasie in „Pretoriana" te kry.

— W. PUNT.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services


# Z.K.H. Prins Bernhard

## DER NEDERLANDEN

## TE PRETORIA.

*„Ik heb bijzonder veel door de wêreld gereisd, maar zoiets als vanavond heb ik toch nergens ondervonden . . . .”*

DE NEDERLANDSCHE VEREENIGING te Pretoria kreeg het voorrecht een avond te organiseren voor de Nederlandse gemeenschap te Pretoria, alwaar Z.K.H. als gast in hun miden zou zijn.




*Sy Koninklike Hoogheid, Prins Bernhard van Nederland (links op foto), is by sy aankoms op die Jan Smuts-lughawe, op 25 September 1954, ontmoet deur die Ambassadeur van Nederland in S.A., mnr. Jan van den Berg (in die middel), en die Goewerneur-Generaal, dr. E. G. Jansen (heel regs).*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

De Zuid Afrikaanse Regering had voor dit doel het Amphitheater der Uniegebouwen beschikbaar gesteld.

Zaterdag 25 September 1954 deed Z.K.H. Prins Bernhard der Nederlanden zijn intocht te Pretoria. 's Middags tegen 4 uur kwamen reeds de eersten een plaats veroveren in het amphitheater. De ceremoniemeester, de Heer H. S. Heslinga, bestuurslid der Nederlandsche Vereeniging te Pretoria, had een staf van 24 ordecommissarissen om de duizendkoppige menigte (meer dan 5,000) te helpen een plaats te krijgen en de orde te handhaven. De wijze, waarop het binnentreden van de Prins geregeld was, kan zonder overdrijving als een meesterlijk staaltje van regie betiteld worden. De auto's reden tot de achteruitgang van de Uniegebouwen. Hier kreeg Z.K.H., begeleid door de vice-voorzitter der Nederlandsche Vereeniging, Jhr. W. van Beyma, in de omlijsting van de monumentale poorten, het panorama van Pretoria voor ogen met zijn ontelbare lichtjes en kleurrijke lichtreclames. Staande op de bovenste treden van de stenen trap, ontwaarde hij daar plotseling in de diepte de door schijnwerpers verlichte „arena," waaruit een hem door al die duizenden toegezongen „Wilhelmus" opklonk. Dit moet wel een overweldigende aanblik voor hem geweest zijn, zoals hij trouwens op de avond ook zelf getuigde. Kinderen uit de Nederlandse gemeenschap brachten Z.K.H. een hulde. Vier groepen jongens en meisjes met kleurige lampions kwamen uit de kolommen-galerij en boden een feeërieke aanblik. Twee jongens en twee meisjes brachten Z.K.H. een geschenk voor de 4 Prinsessen. Z.K.H., die gezeten was in een leunstoel van onze geëerde President Kruger, kwam de kinderen tegemoet en bedankte hen hartelijk. Hierna zong het Dameszangkoor Bel Canto „Salve Regina."

Hierna nam Jhr. W. van Beyma het woord en sprak als volgt:

„Van de bijna 8,000 Nederlanders te Pretoria en omgeving heeft een zeer groot aantal gehoor gegeven aan de oproep om hier vanavond aanwezig te zijn. Tallozen hebben er een rit voor over gehad om honderden mijlen te rijden om Uwe Koninklijke Hoogheid te mogen verwelkomen.

„Maar wat is vèr in dit onmetelijke land met zijn verlaten vlaktes? Komende uit een land als Nederland, waar men gezellig dicht bij elkaar woont, waar het water een nimmeraflatende vijand is en een levensbelager . . . . en aankomend in dit dun bevolkte land, waar water een zegen is en een levensbrenger, heeft de Nederlandse immigrant, zoals te begrijpen is, een tijd van rustige aanpassing nodig. Het is een niet hoog genoeg te schatten voorrecht, dat dit uitgestrekte land reeds zovelen van ons heeft kunnen opnemen en, naar het zich laat aanzien, aan nog vele Nederlanders een nieuw vaderland zal kunnen geven. De grijze en wijze staatsman, Paul Kruger, wiens stoel Uwe Koninklijke Hoogheid op dit ogenblik tot zetel dient, heeft deze bezonken woorden gesproken . . . .



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Neemt uit het verleden dat wat goed is en opbouwend." Zo nemen de Nederlanders in Zuid-Afrika deze wijze woorden ter harte, door de goede dingen uit het oude vaderland niet te vergeten, maar dese te paren aan het vele goede in dit, hun nieuwe vaderland."

Hierna volgde de aanbieding van een gouden herdenkingspenning, waarvan de spreker zei: „Deze gedenkpenning is door artistenhand vervaardigd uit het zuiverste goud, dat Zuid-Afrika vermag voort te brengen.

„Koninklijke Hoogheid! het is mij een grote vreugde U deze penning te mogen aanbieden als een blijvende herinnering aan Uw tegenwoordigheid in ons midden."

Toen trad de Prins voor de microfoon.

„Het is werkelijk moeilijk voor mij onder woorden te brengen, hoe bijzonder ik getroffen ben door de wijze waarop U mij vanavond hier hebt ontvangen. Ik heb bijzonder veel door de wereld gereisd, zoals U misschien weet, maar zoiets als vanavond heb ik toch nergens ondervonden.

„Ik dank de Kerk, die voor deze avond mij de stoel van President Paul Kruger beschikbaar heeft willen stellen.

„Ik dank de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria voor het initiatief tot het organiseren van deze waarlijk grandioze ontvangst, en de geschenken voor mijn dochters. In het bijzonder dank ik U voor de prachtige penning.

„Het is goed en prachtig dat Nederlanders in Afrika elkaar blijven zoeken, niet om een staat in de staat te vormen, maar om getuigenis te geven van hun saamhorigheid, omdat zij komen uit een land, waarop zij trots kunnen zijn en dat zij nooit mogen verloochenen. En alleen zij kunnen de achting van de bewoners van dit land verwerven, die het beste van wat zij hebben meegebracht, ten dienste stellen van Zuid-Afrika, die eerbied betonen voor de tradities van dit land en voor de opvattingen, die hier worden gehuldigd. Ik wens u hierbij van harte succes toe. Bewaar de eendracht, versnipper U nooit, blijf elkaar tot steun.

„Het doet ons genoegen te constateren, dat op bijzondere gedenkdagen voor Nederland gij steeds tezamen zijt en blijk geeft van uw aller aanhanklijkheid en liefde voor het moederland.

„Met groeten uit Nederland, breng ik U ook de allerbeste wensen over van mijn gezin en van het Nederlandse volk voor uw welzijn in Zuid-Afrika."

De avond was een glanspunt van de eerste grootte voor de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Die Universiteit van Pretoria vereer Pierneef.

*Iets (tydens die gradeplegtigheid) wat nie gou vergeet sal word nie, is die gesig van die bleek, blonde Pierneef in sy rooi gewaad, terwyl hy aan die arm van mnr. C. H. Stuart, die assistent-registrateur van die Universiteit, die trappe na die verhoog bestyg het.* (Die Vaderland, 1/4/57).

JACOB HENDRIK PIERNEEF, die bekende Suid-Afrikaanse kunsskilder, is op 30 Maart 1957 vereer met 'n ere-doktorsgraad tydens die gradeplegtigheid van die Universiteit van Pretoria. Dit was die enigste ere-doktorsgraad wat toegeken is. Die 70-jarige skilder was vir die afgelope paar maande ernstig siek en het maar twee dae voor die gradeplegtigheid uit die hospitaal gekom. Hy wou graag persoonlik die eerbewys ontvang. Adv. Charles te Water, kanselier van die Universiteit, het in sy verwelkomingswoord op 'n gevoelvolle wyse verwys na die innige, lewenslange vriendskap tussen hom en Pierneef — albei Pretorianers van geboorte — en dat dit vir die Kanselier persoonlik 'n groot eer is om die ere-doktorsgraad aan sy deurlugtige vriend toe te ken. Die groot skare van studente en gaste, verteenwoordigend van die hele S.A., het op 'n spontane wyse ook hulle hulde aan Pierneef gebring in die vorm van 'n langdurige toejuiging tydens die toekenning van die ere-doktorsgraad.

In die „Curricula Vitae van Promovendi vir Doktorsgrade" word gemeld dat Jacob Hendrik Pierneef op 13 Augustus 1886 in Pretoria gebore is. Sy vader was 'n gebore Nederlander en sy moeder 'n Transvaalse Boeredogter.

Sy vroeë onderwys het hy ontvang aan die ou Staatsgimnasuim in die destydse hoofstad van die Suid-Afrikaanse Republiek, en hier het hy tekenlesse van die Hollandse skoolmeester Hondius gekry.

Kort na die val van Pretoria in Britse hande in 1900 moes die hele Pierneef-gesin die land verlaat en in gedwonge ballingskap na Nederland verhuis. In Hilversum kom die jong Hendrik op skool en kon hy na die gewone skoolure boukundige tekenlesse van 'n argitek ontvang, omdat sy vader hom graag as boumeester wou laat oplei. Die vrye tyd wat nog oor was, is nuttig bestee deur in 'n verffabriek te gaan werk, waar hy vroeg reeds eerstehandse kennis van verf en skildermateriaal opgedoen het.

Later verhuis sy ouers na Rotterdam, sodat hy verdere opleiding in die kuns aan die Rotterdamse Akademie kon geniet. Hy het veel geteken en ook die landskap in waterverf begin skilder.

Voor einde 1902 was die Pierneefs terug in Pretoria. Dan kry die jong kunstenaar les van die bekende skilder Frans Oerder en geniet hy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Foto: Met erkenning aan ,,The Pretoria News."

*Mnr. Pierneef afgeneem in geselskap van 'n paar ou-Pretorianers: Wyle mnr. Albert Kuit (heel links), dan volg mnr. Michael Brink, dan mnr. Pierneef, en heel regs, wyle mnr. Kenne Malherbe.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Foto: Constance Stuart, Pretoria.

*Die kunsskilder Pierneef in sy studeerkamer afgeneem.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ook die hulp en aanmoediging van die beeldhouer en skilder Anton van Wouw. Vir houtsnee — waarin Pierneef hom later so uitmuntend uitdruk — asook vir etswerk het hy die leiding ontvang van die Ierse skilder en grafiese kunstenaar George Smithard.

In 1911 neem hy deel aan die groepstentoonstelling van „The Guild of South African Artists in Johannesburg." In 1913 hou hy sy eerste selfstandige tentoonstelling en wel in Pretoria.

Eers was hy klerk in 'n tabak- en sigarewinkel in Pretoria maar vanaf 1912 was hy, hoofsaaklik saans, werksaam in die Staatsbiblioteek, sodat hy bedags kon skilder. Omstreeks 1920 het hy kunsdosent geword en was in dié hoedanigheid werksaam aan die Normaalkollege van Pretoria en van Heidelberg.

Sedert 1923 word hy voltydse skilder van beroep. Voor 1926 het hy hoofsaaklik realisties, later impressionisties, soms abstrak en kubisties geskilder. Vanaf 1926 het hy meer deurgaans in monumentaal-dekoratiewe styltrant gewerk en veral as landskapskilder 'n hoë, artistieke prestasie gelewer. Beide in en buite Suid-Afrika het hy erkenning en waardering verwerf as iemand met 'n heel persoonlike styl, deur kritici van buite geroem as iemand met 'n eie Afrikaanse idioom in sy werk.

Hy het oral in sy vaderland en daar buite tentoongestel en sy werke is versprei in verskeie lande.

Hy is een van die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaars wat vereer is by toekenning van die erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie.

## UITNODIGING NA SKOOLKERMIS BY DANVILLE LAERSKOOL

Die lede van die Genootskap Oud-Pretoria word hiermee hartlik uitgenooi na die Skoolkermis wat op 4 Mei 1957 by Danville Laerskool gehou word. Afgesien van die gewone interessante bedrywighede wat op so'n skoolkermis plaasvind, vind daar om half elf die oggend 'n plegtige vlaghysingseremonie plaas, waarskynlik die eerste van sy soort in Transvaal nadat die Unievlag op 6 April as die enigste landsvlag van die Unie van Suid-Afrika geproklameer is. In die binneplein van die skoolgebou sal daar in die loop van die dag 'n unieke en kleurvolle versameling van historiese vlae, wat op een of ander tydstip in Suid-Afrika gewapper het, te sien wees. Die besigtiging van hierdie Suid-Afrikaanse historiese vlae sal op sigself die moeite van 'n besoek loon. Dr. Punt, hoof van Danville Laerskool het in die loop van jare geen koste of moeite ontsien om hierdie pragtige en unieke versameling van historiese vlae op te bou nie en u word nou in die geleentheid gestel om op 4 Mei a.s. die vlae te kom besigtig en verder 'n genoeglike dag saam met die personeel, leerlinge en ouers deur te bring op die terrein van Danville Laerskool in Marsburglaan 239, Danville, Pretoria-Wes. — Red.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services